**Toegerus vir ons roeping**

**Num 8 en 9**

**23 Mei 2021**

1. Vyf gebeurtenisse word beskryf:
    a. Moses in gesprek met die Here (Num 7:89)
        i. Gesprekke tussen Moses en die Here vind plaas in die Allerheiligste
    b. Aäron en die kandelaar (Num 8:1-3)
        i. Aäron, die hoëpriester, moes lampies van die kandelaar, in die Heilige, vorentoe laat skyn – lig val op tafel met toonbrode
    c. Reiniging van die Leviete (Num 8:5-26)
        i. Leviete moes afgesonder word in plek van die eersgeborenes (Num 3:40)
        ii. Prosedure: reinigingswater besprinkel, hare afsny, klere was, bulle as sondeoffer en brandoffer, beweeg as beweegoffer
        iii. Doel: (1) Gawe aan Aäron en priesters om diens in tabernakel te verrig (2) buffer tussen die volk en die tabernakel
    d. Tweede paasfees (Num 9:1-14)
        i. Paasfees: verlossing uit Egipte, belofte van beloofde land (Eks 12:14, 13:4-6)
        ii. Almal wat rein is, moet dit vier, selfs die vreemdelinge
    e. Wolk oordek die tabernakel (Num 9:15-23)
        i. Wolk het die tabernakel deurentyd oordek
        ii. Wolk het aangedui wanneer om te trek en wanneer om kamp op te slaan
2. Patrone van hierdie gebeure
    a. Allerheiligste – Heilige – in/om die tabernakel – onder die volk – die tabernakel
    b. Die Here – Moses – Aäron/priesters – Leviete – volk – die Here
        i. Die Here is direk betrokke in al 5 gebeure
        ii. Hier is orde en struktuur
3. Nuwe Testamentiese perspektief
    a. Moses as tussenganger – Jesus as Voorspraak (Rom 8:34), maak die Vader bekend (Joh 15:15, 17:6-8), sal doen wat dissipels in Sy Naam vra (Joh 14:13-14)
    b. Aäron en die kandelaar – Jesus as Hoëpriester (Heb 9:11), Jesus is die Lig (Joh 1:9), ware Brood (Joh 6:32-35), gelowiges is die kandelaar (Op 1:20), priesters (1 Pet 2:9)
    c. Reiniging van die Leviete – gelowiges is die vergadering van eersgeborenes (Heb 12:22-24)
    d. Viering van paasfees – gelowiges vier nagmaal as herinnering van Jesus se offer (Luk 22:19) en komende bruilofsmaal van die Lam
    e. Wolk oordek die tabernakel – Jesus stuur Heilige Gees as Voorspraak (Joh 16:7-8), Hy getuig en die dissipels moet getuig (Joh 15:26-27), Heilige Gees woon in gelowiges wat die tempel is (1 Kor 3:16) (vgl Hand 16:6)
4. Gevolgtrekking: Volk was goed toegerus om te trek, ons is nog beter toegerus:
    a. Jesus is groter Voorspraak as Moses
    b. Jesus is ware Hoëpriester, groter as Aäron
    c. Ons het vrye toegang tot die heiligdom (Heb 10:19), nie meer op afstand nie
    d. Ons is nou priesters, nie meer lede van die volk wat agter die Leviete kamp nie
    e. Ons is vergadering van eersgeborenes, het nie Leviete as plaasvervangers nie
    f. Ons vier die nagmaal, nie meer die paasfees nie
    g. Ons is die tempel gevul met die Heilige Gees